135/70

135/70

G.P.-S. J. 445.

# In the Supreme Court of South Africa
# In die Hooggeregshof van Suid-Afrika

(Appèl DIVISION).
AFDELING).

**APPEAL IN CRIMINAL CASE.**
**APPÈL IN STRAFSAAK.**

1. PHILEMON MOTSEPE & 2. JOSEPH LEBOGO

**Appellant.**

*versus/teen*

DIE STAAT

**Respondent.**

*Appellant's Attorney* Pro deo *Respondent's Attorney* P.G.(Pretoria)
*Prokureur van Appellant* *Prokureur van Respondent*

*Appellant's Advocate* M.M. JOFFE *Respondent's Advocate* P.M. BEKKER
*Advokaat van Appellant* *Advokaat van Respondent*

*Set down for hearing on* 4 - 3 - 1971
*Op die rol geplaas vir verhoor op*

4 · 7 9

(T.P.A.) CORAM: JANSEN, A.R, MULLER, ET KOTZÉ, WND A.RR

APPELLANT 9.45 VM - 10.50 VM
RESPONDENT 10.50 VM - 11.00 VM
APPELLANT 11.00 VM - 11.0? VM

CAV

Posted 5-4-71 per Jansen A.R:—
appèlle van die hand gewys

REGISTRAR APPEAL COURT
GRIFFIER, APPÈLHOF,
BLOEMFONTEIN.
-5-4-1971

IN DIE HOOGGERLGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPèLAFDELING

In die saak tussen:

PHILEMON MOTSEPE

EN

JOSEPH LEBOGO .............................. APPELLANTE

EN

DIE STAAT ................................... RESPONDENT

Coram: Jansen, A.R., Miller *et* Kotzé, Wnd. A.RR.

Verhoor: Gelewer:

4 Maart 1971 5 April 1971

---

UITSPRAAK

JANSEN, A.R. :

Die twee appellante is op Springs deur Trengove, R., en twee assessore aan moord met versagtende omstandighede skuldig bevind, en elk tot 15 jaar gevangenisstraf gevonnis. Met verlof van die Verhoorregter kom hulle in hoër beroep teen die skuldigbevindings.

Die ......... /2

Die vervolging het voortgevloei uit gebeure aan huis van Lucy Malatjie, in Daveyton, distrik Benoni, op die middag van 15 Augustus 1959, kort voor sononder. ŉ Broer van Lucy, Nelson Ntule, wat daar op besoek was vanaf Witbank, het op ŉ bed gelê in die "eetkamer" van Lucy se huis. Hy was ŉ teringlyer en skynbaar ongesteld. Ephraim, Lucy se man, was by hom in die kamer. Lucy self was in die kombuis doenig, en ŉ buurvrou van oorkant die straat, Bettie Mbanga, het haar geselskap gehou. Skielik het twee Bantoemans die huis binnegekom, die een by die voordeur en die ander by die agterdeur. Beide het lang messe gehad. Die een wat by die kombuisdeur ingekom het, het Lucy met die mes bedreig. Bettie en Lucy het uit die huis gevlug, Lucy agtervolg deur die indringer met die mes. Laasgenoemde het egter omgedraai en is terug die huis in. Intussen het Ephraim ook na buite gevlug, agtervolg tot by die draad deur die ander indringer, ook met ŉ mes in die hand. Lg. is toe ook weer terug die huis in. Kort daarna het beide indringers uitgekom elk met die mes nog in die hand, en saam weggehardloop. Hulle is gevolg

deur Nelson, wat by die deur uitgestrompel het, ŉ klein entjie slingerend geloop het en toe neergesak het. Aan ~~sy nek by die~~ kuiltjie was daar ŉ afwaartse steekwond, ongeveer drie duim diep wat verskeie vesels en bloedvate deurgesny het en wat getuig het van heelwat geweld met die toediening daarvan. Ingevolge hierdie wond is Nelson kort daarna dood.

Die Staat het beweer dat die twee gewapende indringers die appellante was. Ephraim is voor die verhoor oorlede, maar Bettie en Lucy het getuig oor die gebeure, asook Ellen Shiloane, ook ŉ buurvrou, wat op die betrokke tyd buite voor haar huis gesit het. Sy het die twee indringers sien verbyloop na Lucy se huis en gesien dat elkeen ŉ mes in die hand gehad het. Sy het selfs Lucy ŉ waarskuwing toegeskreeu, en sy was in staat om die meerendeel van die daaropvolgende gebeure waar te neem totdat die twee indringers betreklik naby haar verby is, toe hulle weggehardloop het. Ellen en Lucy het albei onomwonde gesê dat die indringers die appellante was, terwyl Bettie slegs seker was dat die tweede appellant die een is wat by die kombuisdeur ingekom het.

Die moontlikheid van a bona fide foutiewe identifikasie skyn hier uitgeskakel te wees. Dit was nog dag, en Lucy en Ellen het die appellante goed geken. Hulle was aan Ephraim verwant, het 'n ruk by hom en Lucy ingewoon en sy het hulle "grootgemaak". Ellen, as buurvrou sedert 1955, het hulle dikwels gesien. Bettie het die tweede appellant geken en haar onvermoeë om die ander indringer definitief te eien is daaraan te wyte dat sy die eerste appellant slegs eenkeer vantevore gesien het. Ondanks sekere teenstrydighede in die getuienis van hierdie drie vrouens, het die Verhoorhof "tot die gevolgtrekking gekom dat ten spyte van hierdie geringe teenstrydighede, wat 'n mens in omstandighede soos die onderhawige kan begryp, hulle eerlike getuies is en dat hulle getuienis in alle wesenlike opsigte betroubaar is".

Die twee appellante het 'n alibi opgewerp en beweer dat hulle dié middag glad nie eers in Daveyton was nie, maar wel op Springs waar hulle vir die eerste appellant se "vrymeisie", Paulina, gekuier het. Sy is deur die appellante geroep as getuie om dit te bevestig. Die Verhoorhof het

bevind dat Paulina waarskynlik 'n eerlike getuie is en moontlik van 'n besoek praat wat werklik plaasgevind het, maar nie op daardie naweek nie, maar wel op 'n ander geleentheid. Die appellante self het by die Hof die indruk gewek dat hulle persone is "wat nie skroom om te lieg nie as hulle dink dat dit in hulle belang is nie".

Gevolglik het die Verhoorhof die getuienis van die appellante verwerp en die van Bettie, Lucy en Ellen aanvaar. Geen gegronde rede bestaan om die korrektheid van die Verhoorhof se bevindings in hierdie verband te betwyfel nie. Die saak moet dus verder benader word op die basis dat op die betrokke middag die twee appellante die indringers was.

Dit is duidelik af te lei dat een van die twee appellante die dodelike steekwond toegedien het en aldus die dood van die oorledene veroorsaak het. (Dat Ephraim die skuldige kon gewees het, is so vergesog dat dit geen oorweging verdien nie). Verder is dit ook duidelik af te lei van die posisie van die steekwond, die aard van die wapen wat gebruik moes gewees het en die geweld wat toegepas is, dat wie ook al

gesteek het, minstens opset by moontlikheidsbewussyn t.o.v. die dood van Ephraim gehad het. Wie van die twee appellante aldus die doodsteek toegedien het, is egter nie moontlik om op die beskikbare getuienis te bepaal nie. Dit volg egter nie noodwendig dat beide appellante as gevolg van hierdie onmoontlikheid vry moet uitgaan nie.

Die Verhoorhof het tot die gevolgtrekking geraak dat ingevolge o.a. die leerstuk van "common purpose" beide aan moord skuldig is, ongeag wie gesteek het. Dit kan beswaarlik nou bevind word dat die Hof fouteer het. Uit die aanvaarde getuienis blyk o.a. die volgende:-

1. Die appellante nader Lucy se huis, elk met ŉ mes in die hand - die eerste appellant gaan by die voordeur in en die tweede by die kombuisdeur.

2. Ephraim word met ŉ mes deur die eerste appellant verjaag en Lucy en Bettie deur die tweede appellant, ook met ŉ mes - geen van hulle word gesteek nie.

3. Die appellante keer terug na die huis, gaan binne en kom weer uit en hardloop dan saam weg, elk nog met ŉ mes in die hand.

4. Die oorledene, die enigste oorblywende in die huis, word deur een van die appellante op ŉ lewensgevaarlike plek gesteek.

Hierdie ..... /7

Hierdie feite is volkome te vereenselwig met 'n vooraf beplande vaskeer en afsondering van die oorledene ten einde hom aan te rand: die besetting van beide deure, die verjaging van almal behalwe die oorledene, die steek van slegs die oorledene, en die afwesigheid van enige ander kenbare doel by die appellante, dui almal daarop. By ontstentenis van 'n verduideliking is dit dan ook die enigste redelike afleiding dat hier 'n gesamentlike en beplande optrede was om die oorledene in hande te kry. Hulle was elk bewus dat die ander met 'n mes bewapen is en indien nie inderdaad beplan is om die oorledene te dood nie, moes elk noodwendig minstens besef het dat die ander moontlik sy mes met dodelike gevolg sou kon gebruik, en onverskillig daarteenoor, tog meegedoen het in die uitvoering van die gesamentlike plan en bereiking van die gesamentlike doel. Beide appellante val dus binne die derde kategorie genoem in S. v. Madlala (1969 (2) S.A. 637 (A.A.) op bl. 640 H) en gevolglik is beide, ongeag wie die dodelike steekwond toegedien het, aan moord skuldig.

Die appèlle word van die hand gewys.

E.L. JANSEN
APPèLREGTER

Miller, Wnd. A.R. ) Stem saam
Kotzé, Wnd. A.R. )